BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Dinsdag 21 November 1978 — WINDHOEK — Tuesday 21 November 1978 — No. 3865

INHOUD:

*Bladsy*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 79 Tweede Wysigingsproklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1978 — 1

CONTENTS:

*Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 79 Second Municipal Elections Postponement Proclamation, 1978 — 1

## PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Staatspresident goedgekeur op 13 November 1978)*

No. AG. 79 — 1978

WYSIGING VAN DIE PROKLAMASIE OP DIE UITSTEL VAN MUNISIPALE VERKIESINGS, 1978 (PROKLAMASIE AG. 3 VAN 1978)

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal — Windhoek, 18 November 1978

BYLAE

*Vervanging van artikel 3bis van Proklamasie AG. 3 van 1978, soos ingevoeg deur artikel 1 van Proklamasie AG. 36 van 1978*

1. Artikel 3*bis* van die Proklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1978, word hierby deur die volgende artikel vervang:

## PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the State President on 13 November 1978)*

No. AG. 79 — 1978

AMENDMENT OF THE MUNICIPAL ELECTIONS POSTPONEMENT PROCLAMATION, 1978 (PROCLAMATION AG. 3 OF 1978)

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General — Windhoek, 18 November 1978

SCHEDULE

*Substitution of section 3bis of Proclamation AG.3 of 1978, as inserted by section 1 of Proclamation AG. 36 of 1978*

1. The following section is hereby substituted for section 3*bis* of the Municipal Elections Postponement Proclamation, 1978:

*"Toepassing van artikels 33 en 46 van Ordonnansie 13 van 1963*

3*bis*. (1) Die hooflys van kiesers opgestel kragtens paragraaf (a) van artikel 33(1) van die Ordonnansie met die oog op die algemene verkiesing wat gedurende 1978 gehou sou word, soos aangevul ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel, word, in die geval van 'n munisipaliteit ten opsigte waarvan 'n hooflys van kiesers nie in 1978 kragtens daardie paragraaf opgestel is nie, geag die hooflys van kiesers te wees vir die doeleindes van —

(a) die algemene verkiesing wat kragtens artikel 2(b) van hierdie Proklamasie gehou moet word;

(b) 'n verkiesing bedoel in artikel 46 van die Ordonnansie vir die vulling van 'n buitengewone vakature wat gehou word voor die algemene verkiesing van raadslede in die jaar 1979.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (2) van artikel 33 van die Ordonnansie moet die stadsklerk van 'n munisipaliteit bedoel in subartikel (1) van hierdie artikel voor 31 Desember 1978 op die wyse uiteengesit in subartikel (1) van genoemde artikel 33 van die Ordonnansie 'n aanvullende lys van kiesers opstel of laat opstel van die name van die persone wat sedert die opstel van die hooflys van kiesers wat kragtens artikel 33(1)(a) van die Ordonnansie opgestel is met die oog op die algemene verkiesing wat gedurende 1978 gehou sou word, volgens hul aansoekvorms of ander inligting tot beskikking van die stadsklerk ingevolge die bepalings van die Ordonnansie bevoeg is om as kiesers ingeskryf te word.".

*Kort titel*

2. Hierdie Proklamasie heet die Tweede Wysigingsproklamasie op die Uitstel van Munisipale Verkiesings, 1978.

*"Application of sections 33 and 46 of Ordinance 13 of 1963*

3*bis*. (1) The main voters' list made out under paragraph (a) of section 33(1) of the Ordinance with a view to the general election that would have been held during 1978, as supplemented in accordance with the provisions of subsection (2) of this section, shall in the case of a municipality in respect of which no main voters' list has been made out in 1978 under that paragraph, be deemed to be the main voters' list for the purposes of —

(a) the general election to be held under section 2(b) of this Proclamation;

(b) an election referred to in section 46 of the Ordinance for the filling of any extraordinary vacancy which is held before the general election of councillors in the year 1979.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (2) of section 33 of the Ordinance the town clerk of a municipality referred to in subsection (1) of this section shall, before 31 December 1978 and in the manner set out in subsection (1) of the said section 33 of the Ordinance, make or cause to be made a supplementary voters' list containing the names of the persons who since the making of the main voters' list made out under section 33(1)(a) of the Ordinance with a view to the general election that would have been held during 1978, appear from their application forms or other information at the disposal of the town clerk, to be qualified in terms of the provisions of the Ordinance to be enrolled as voters.".

*Short title*

2. This Proclamation shall be called the Second Municipal Elections Postponement Proclamation, 1978.

Gedruk deur en verkrygbaar by
Die Suidwes-Drukkery Beperk,
Posbus 2196, Windhoek
Suidwes-Afrika.

Printed and obtainable from
The Suidwes-Drukkery Beperk
P.O. Box 2196, Windhoek.
South West Africa.